
GESKIEDENIS KWARTAAL 1 GRAAD 7

## HANDEL OOR DIE SAHARA-WOESTYN

- Handel is koop en verkoop.
- Handel behels altyd ’n uitruil: een persoon gee iets aan iemand wat die item benodig of wil hê, en in ruil kry daardie persoon sommige ander goedere, of geld.
- ’n Winkelier gee jou byvoorbeeld die brood wat jy benodig en in ruil gee jy die winkelier geld.
- Hierdie uitruil van wat jy het vir wat jy benodig, is dwarsdeur tyd en plek beoefen.
- Dit het op ’n klein skaal tussen indiwiduele mense of families plaasgevind, maar ook op ’n groot skaal tussen stamme, volke en lande.
- Jy sal uitvind waar die Sahara-woestyn is deur die kaart hieronder te bestudeer en die vrae te beantwoord.




Wêreldkaart wat die ligging van die Saharawoestyn aandui





 Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

# DIE TRANS ATLANTIESE SLAWEHANDEL

## INLEIDING TOT WES-AFRIKA EN DIE SLAWEHANDEL

## WAT WAS DIE ATLANTIESE SLAWEHANDEL?

- Die Atlantiese slawehandel het in omtrent 1502 begin en het voortgegaan selfs na Brittanje dit in 1808 onwettig verklaar het.
- Geskiedkundiges het bereken dat gedurende hierdie tyd omtrent 11 miljoen Afrika-mense as slawe in die Amerikas verkoop is.





## DIE AARD VAN SLAWERNY IN WES-AFRIKA VOOR DIE EUROPEëRS

- Een van die sterkste ryke in Wes-Afrika in die 15de eeu was die Songhai.
- Groot Songhai handelstede soos Timboektoe en Djenné het met stede so ver oor die Sahara-woestyn as Kaïro in Egipte handel gedryf.
- Sout was 'n belangrike handelsitem.
- Dit is per kameelkaravane oor die woestyn gebring en in stede soos Timboektoe vir tropiese produkte en goud verhandel.

 Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## KOLONISASIE VAN DIE KAAP IN DIE 17DE EN 18DE EEU




| Engels | Afrikaanse vertaling |
|---|---|
| St Helena Bay | St Helenabaai |
| Saldanha Bay | Saldanhabaai |
| Table Bay | Tafelbaai |
| Mossel Bay | Mosselbaai |
| Algoa Bay | Algoabaai |
| Robben Island | Robben-eiland |
| Indian Ocean | Indiese Oseaan |

***Hierdie kaart wys die plekke waar die Nederlanders hulle gevestig het toe hulle tussen 1652 en 1780 in Suid-Afrika aangekom het. Die vier dorpe wat op die kaart gemerk is, is Suid-Afrika se oudste dorpe. Die oudste van die vier is die verste Wes.***

## WIE HET IN DIE KAAP GEWOON VOOR DIE AANKOMS VAN DIE NEDERLANDSE SETLAARS?

| Mense | Leefstyl | Waar is hulle aangetref? |
|---|---|---|
| | | |
| **Khoi** | Hierdie mense het lewendehawe aangehou soos beeste en bokke, maar het nie gewasse geplant nie. Hulle het redelik dikwels van plek tot plek getrek. | Naby die Kaap nedersetting (nou Kaapstad) en verder weg, moontlik tot omtrent 250 km weg. |
| **San** | Hierdie mense het gejag vir hulle vleis en wilde wortels, blare en vrugte versamel om te eet. Hulle het van plek tot plek getrek. | Verder weg van Kaapstad in die Kaapse berge. |
| **Xhosa** | Hierdie mense het lewendehawe soos beeste en bokke aangehou en het ook gewasse gekweek, Hulle het hulle meestal in een plek gevestig. | Slegs in die ver oostelike deel van die nedersetting. Die Nederlanders het hulle vir die eerste keer in die 1770's teëgekom. |

## OPPERHOOF MAQOMA EN XHOSA WEERSTAND



- Opperhoof Maqoma is in 1798 gebore.
- Sy vader was Ngqika, opperhoof van die Xhosas.
- Sy mense het in die Oostelike grensgebied tussen die Vis- en Keiskammariviere gewoon.
- In 1819, het Ngcuka ’n verdrag met die Britte onderteken waarvolgens die Xhosa-mense verder Oos na die grond anderkant die Keiskammarivier moes trek.
- Maqoma was baie kwaad hieroor.
- Maqoma het nog kwater geword toe hy gesien het dat Engelse en Hollandse boere grond tussen die Vis- en Keiskammarivier gegee is.
- Binne ’n paar maande het Maqoma en sy broer, Tyali, teruggetrek na hulle grond tussen die Vis- en Keiskammarivier.
- Die Britte het niks gedoen om dit te keer nie, solank as wat daar vrede was.
- Maqoma het opperhoof geword toe sy vader in die laat 1820’s dood is.
- Hy en sy mense het in die Amatolaberge gewoon waar, vandag nog, daar baie mooi woude is.
- Dit was maklik vir die Xhosa om vir die Britte weg te kruip.
- Moeilikheid het egter toegeneem oor veediefstal.
- Die wit boere het gekla dat die opperhoofde nie hul mense gekeer het om witbesitte beeste te steel nie.
- Die opperhoofde het gesê dat dit moeilik vir hulle was om dit te doen, aangesien hulle nie al die mense in ’n gebied kon beheer nie.
- Die wit boere het hul eie klopjagte georganiseer, of verrassingsaanvalle om beeste te herwin.
- Dikwels het hierdie klopjagte tot gevolg gehad dat die Xhosa-mans in die dorpies dood is en vroue en kinders ontvoer is.
- In die laat 1820’s, het die Kaapse owerhede besluit om Maqoma en sy mense uit die Visriviergebied uit te dryf.

SAMPLE